# KouPos 1.2025

Uitgawe 130




"Daarom, bemoedig mekaar, en laat die een die ander in die geloof opbou, soos julle inderdaad doen." 1 Thessalonisense 5:11

Uit die possak, deel ons Skriba die volgende korrespondensie:

"Baie dankie, Tinka. Ek geniet elke KouPos baie. Dit is op die oomblik die naelstring wat my aan Merweville bind. Ek weet 'n naelstring moet op 'n stadium geknip word, maar ek hoop nie dit moet ooit met my gebeur nie. Ek sal nooit daarvoor gereed wees nie.

Die KouPos is in die 1990's (in my tyd in die kerkkantoor) deur Dominee Lourens van Vuuren begin. Die naam was tannie Elsabé Opperman se inskrywing in 'n gemeente poging om 'n geskikte naam vir die blad te kry. Sy was die wenner met haar voorstel: KouPos. Die naam beteken dit is pos waaraan 'n bietjie gekou moet word (en natuurlik ook ons gebied, die Koup se nuusbrokkies / staaltjies bevat)

Voor die KouPos, was daar 'n kwartaallikse uitgawe van 'n gemeentebrief. Hierdie brief was in die 1980's deur Ds. Coenie Kotzé begin, ook terwyl ek in die kerkkantoor werksaam was."

~ Marie Bothma

*[Tannie Marie was getroud met Flip Bothma, Christo se broer. Marie-hulle het op die plaas Spitskop gewoon en sy het van Augustus 1981 tot einde 1990 en weer van einde 1999 tot April 2008 as Skriba van die NGK, Merweville, diens gedoen.]*



"Soms kom verlange ongevraagd,
ongenooid en vul jou dag met onthou: soms in kleure, soms in klank
en dan wys herinnering in die vensters van jou siel." ~ CB

## INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| UIT ONS PASTORIE | | p.4 |
| PLAASLESSENAAR | | p.5 |
| Die BOESMAN SE PSALM 23 | | p.6 |
| LIEF & LEED | | p.7 |
| NUUSBROKKIES | | p.11 |
| JESUSLIEFDE | | p.12 |
| DAPPER BESOEKER | | p.13 |
| KRALE VAN NOU | | p.14 |
| HERSTELWERK | | p.15 |
| VREUGDE IN DANKBAARHEID & LYDING | | p.18 |
| VROUEDIENS | | p.19 |
| 7 CHRISTEN-VRIENDELIKE FLIEKS | | p.20 |
| VOORKOMING van TIENERSELFDOOD | | p.21 |
| DIE EENVOUD VAN WYSHEID | | p.22 |
| INKLEURPRENT | | p.23 |
| SKEPE (van Jo Black) | | p.24 |
| DANKFEES PROGRAM | | p.25 |


"Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." GALASIëRS 5:14 Afr83

## UIT ONS PASTORIE: <u>VERSPREI DIE GEUR VAN CHRISTUS.</u>

Ek lees op die internet van ‘n kollega wat sê “’n Karoo-boer het eenmaal vir my gesê, ‘as jy wil weet hoe ruik God se sweet, kom staan in die Karooveld as dit reën.’ Ek kan na byna 40 jaar steeds sy oë onthou toe hy dit gesê het. Hy het met sy handpalms na bo druppels gevang. Dit was die oë van iemand wat genade sien.”

Het jy al die woord, *petrichor*, gehoor? Dit is die woord vir die geur wat uit die aarde opstyg as dit reën op droë grond. Dit kom van die Grieks, Petros (klip) en ichor (die vloeistof wat vloei in die are van die gode, volgens die Griekse mitologie). Was die *petrichor* vir julle ook so heerlik, nou die dag, toe die reën begin val het?

‘n Vriend van my vertel van sy meisie (vandag sy vrou) op hulle eerste afspraak ‘n Franse parfuum aangehad het. Hy het later so ‘n botteltjie parfuum vir R500 gekoop vir haar verjaarsdag. Vandag is dit van die mark af, maar net soms, as hy vir haar kyk, ruik hy nog die heerlike geur.

Gaan lees asb 2 Kor 2: 14 en 15. God gebruik ons om die kennis van Christus soos ‘n aangename geur te versprei. As dié geur nie dadelik effek het nie, moenie moed opgee nie! Die heerlike geur bereik die gereddenes, sowel as die wat verlore gaan. Moet net nooit ophou onthou dat God jou gebruik om sy Goeie Boodskap in jou huis, omgewing, dorp en familie te versprei nie.

Mag dit tog aanhoudend gebeur en mag ons hierdie jaar nog baie petrichor ruik.

*Danie.*



## PLAASLESSENAAR

Ek hou waarskynlik my lewe lank vakansie volgens die Engelse gesegde "a change is as good as a holiday" en Manlief gaan dit waarskynlik beaam.  Ek meen, wat verander nou nie gereeld in SA nie en boonop skuif ek gereeld die sitkamer meubels rond. 😊 Eintlik hou ek van (bietjie) gestruktureerdheid en reëlmaat, maar hoe ouer ek word, hoe minder is daar sprake van en vanjaar blyk sommer by voorbaat een met interessante veranderinge te wees as ek so na ons kinders se drome en planne luister.

Laasjaar het ek die woorde "Change, Strength, Purpose, Gratitude" vir myself gedruk, nadat dit my motiveringswoorde uit 'n selfoonspeletjie was. Dit is teen die kantoordeur opgeplak en soms onthou ek om daarna te kyk, wanneer die tempo van verandering en algemene werksdruk hoog raak.

- **Change**. Verandering is 'n gegewe (as dit nie verander (groei) nie, gaan dit dood).
- **Strength**. Waar kry ek my krag / hulp vandaan?
- **Purpose**. Hoe kan ek in die veranderende situasie my doel as Christen (om 'n rigtingwyser na Jesus te wees) leef? Onthou ek dat Hy 'n plan het, waarvan ek heel waarskynlik nie bewus is nie?
- **Gratitude.** Is ek dankbaar vir Sy genade? Daagliks – selfs as als nie verloop soos ek beplan het nie?

Ek sou selde slaag, as bogenoemde 'n toets was. Gelukkig is daar nie 'n rekord van die mislukkings nie en kan ons elke dag opnuut probeer. Mag die jaar vir jou genoeg vreugdes inhou dat jy gemaklik 'n positiewe ingesteldheid kan hê en mag ons in tye van uitdagings en krisisse onthou dat Sy liefde vir ons onbeskryflik groot is. (God se karakter verander nie soos ons gemoed en omstandighede nie.)

Lekker saam lees & deel gerus jou nuus, verandering en ervaring met ons.

Vriendelike groete, *Christel.*



Boesmanland

— PLAASKOMBUIS —



# DIE BOESMAN SE PSALM 23



Die Jirre pas my op sos die skaapwagter
sy vee oppas; wat hat ik meer nodig.
Hy laat my rus in groenvelde sos die
skaapwagter sy vee rustig lat wei in die
Boesm'land se grasvlaktes waar daar
nie gifplante groei nie. Hy tjee vir my
water by die gorre-gate waar daar nie
ongediertes is nie. Hy laat my loop in die
Boesm'land oor en weer tot Sy eer.
Al moet ik gaan daar waar die dod jou
le en loer sal ik nie bang worre nie,
want ik kan mos op U'se stok un U'se
kierie rus, want U is mos altyd by my.
U tjee mos vir my vet bokvleis as die
minse somerstyd in Namakw'land maer
bokvleis moet eet. Ja! ik kan myse bene
ok blink met die orige bokvet smeer.
U se goedgeid en liefgeid sal lank by my
bly en ik sal in U'se huis bly tot ik dooi.

022 772 1564 / 082 773 0646

## LIEF & LEED

† Tannie Marie Blom is op 22 Januarie 2025 oorlede. ‘n Gedenkdiens ter viering van haar lewe is op 31 Januarie vanuit die NGK in Merweville gehou.

Op Facebook skryf Dawie Botha die volgende oor tannie Marie:

Ons skinder nie , ons gesels net !

Nuut op Merweville loop ek 'n tannie raak tussen Tiekie se winkel-rakke , 'n baie nuuskurige tannie wie dadelik wil weet wie is ek ?
Sy sê sy loop maar net en window shopping doen want sy kan nie die goed bekostig nie.
Dit was tannie Marie groot koek wie baie lekker lemoen koeke gebak het.
Tannie Marie met die GX Datsun wat sy nuut gekoop het en die netjies geharkte tuin tot op die sypaadjie .
Tannie Marie wie die stof strate plat geloop het en die hout kappers met 'n arends oog dopgehou het en niks gemis het in die dorp nie.
Tannie Marie met wie ek so lekker kon sit en gesels oor die dorp se dinge tot Liesel ons die kyk gee .... maar ons gesels net het sy geskerm !
Tannie Marie wie alleen gebly het en so deel was van my Merweville soos coke en flyers op Belia se stoep.
Net so kleurvol soos die African daisys wat elke jaar voor jou huis op kom sal jou herrineringe by my bly vir daai dae as ek na gister verlang .

Marie Blom
1941-09-14
2025-01-22



✝ Dawid Snyman is op 23 Januarie 2025 oorlede. Ons innige meegevoel aan Estelle, hul gesin en al die familie en vriende.




✝ Anita Oberholzer, tannie Anna Oosthuizen se susterskind, is op die 11de Januarie 2025 oorlede.


Ons vier saam met Ma Ronel en Pa Isak Visser, Rika se finale studiejaar se uitstekende punte. Sy behaal vir 4 van die 5 vakke onderskeidings! Skitterend, Rika en beste wense vir jou toekoms!

Baie geluk aan Simoné Mocke met haar merkwaardige prestasie en mooi Matriekuitslae (ook vir Amanda & Frikkie)! Sy wil graag onderwys (grondslagfase) studeer en het tans aansoek gedoen vir 'n pos as assistant onderwyseres hier in Merweville. Voorspoed en beste wense, Simoné!

Baie geluk aan Lodewyk Esterhuizen met sy Matriekuitslae. Lodewyk het 4 onderskeidings, met 'n gemiddeld van 80,86% behaal! Hy het vroeg Februarie met sy studies by die Universiteit van Wes-Kaap begin. Voorspoed en beste wense, Lodewyk! *Nou is al die Essies wraggies klaar met skool* 😊

Baie geluk aan De Wet Botes (jongste van Tiaan & Elmien) wat een van Laerskool Wesbank se Onder-hoofleiers is en Hoofleier by die koshuis. Mag 2025 nog baie hoogtepunte en lekker dinge inhou.

De Wet staan heel regs, op die Hoofleiers foto **regs** en 3de van links op die koshuisleiersfoto, **onder**.






† Oud-leraar, Ds. Lourens E. van Vuuren is op 18 Februarie 2025 oorlede. 'n Troosdiens is op 22 Feb. 2025 in die NGK Heidelberg (Wes-Kaap), deur dominee JB Wessels gelei.

Ons innige meegevoel aan sy vrou, Lena en sy kinders, Lerése, Sonnika, Johannes en hul gesinne, sy familie en al sy vriende.




> "Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees. Ek het die Here my God gekies as my toevlug! Ek sal van al u werke bly vertel." ~ PSALM 73:28

• • •   • • •   • • •   • • •

**!! Wêreldwaarnemingslys 2025 - GEOPENDE DEURE**

Die Top 50 lande waar Christene die meeste vervolging ervaar is:

**Noord-Korea; Somalië; Jemen; Libië; Soedan; Eritrea; Nigerië; Pakistan; Iran; Afghanistan; Indië; Saoedi-Arabië; Mianmar**; Mali; China; Maledive; Irak; Sirië; Algerië; Burkino Faso; Marokko; Laos; Mauritanië; Bangladeshj; Oesbekistan; Kuba; Sentraal-Afrikaanse Republik; Niger; Turmekistan; Nicaragua; Mexiko; Oman; Etiopië; Tunisië; Demokratiese Republike van die Kongo; Bhoetan; Mosambiek; Kasakstan; Tadjikistan; Egipte; Katar; Comore; Kameroen; Viëtnam; Turkye; Colombië; Broenei; Tsjad; Jordanië.

(*Lande 1 – 13 ervaar uitermatige vervolging*)

## NUUSBROKKIES

- Léëf Tydskrif (leef.co.za) "Léëf met hart en siel is 'n tydskrif vir gelowige vroue wat die mooi in die lewe geniet. Ons glo in die belangrikheid van balans – om tyd te maak vir God, jouself en ander. Ons vier mekaar se kreatiwiteit en uniekheid en kies om lief te hê en te Léëf – met hart en siel!" Kontak Léëf by navrae@leef.co.za
  Redakteur Christine Ferreira gesels ook Dinsdae 9h00 – 11h00 op Radiokansel 657AM indien jy wou saamluister. (www.radiokansel.co.za)

- Jeanet le Roes, boorling van Merweville en voorvatter in die kombuis, is in die proses van oppak en gereed maak om na Amerika te verhuis. (Die besluit van haar is nie n.a.v. Pres. Trump se boodskap nie, hoor...). Jeanet is 'n bobaas kok en bakster en hier is die laaste koeksister wat sy op 5 Desember 2024 as deel van die Koup Ouma's gebak het. Hiermee eindig 'n bakseisoen van 13 jaar.
  Jeanet, ons monde water by die blote gedagte aan daai soet lekkerte! Seënwense



Foto deur: Kallie le Roux

> "Mag jy altyd 'n muur hê teen die wind. 'n Dak vir al die reën. Kos op die tafel en 'n bed om op te slaap. 'n Jas teen die koue en 'n hoed teen die son. Koffie langs jou stoel en geliefdes wat om jou woel. 'n Bybel in jou hand en die Here in jou hart." ~ ONBEKEND

## JESUSLIEFDE

"Kyk ons verby ander se seer omdat dit vir ons makliker is? Hoop ons dat daardie persoon iemand anders sal raakloop wat kan help? Dink ons dat daar nie tyd is in ons besige lewens om tyd in te ruim om iemand anders te help nie? Vertel ons vir onsself dat God weet van die persoon in nood en dat 'n skietgebedjie die ding gaan doen?



Ons almal doen dit met tye. Net te besig, net nie goed genoeg nie, weet nie wat om te sê nie, hoe om dit te sê nie.

Ek het onlangs weereens besef dat ons so maklik vergeet dat elkeen van ons, wie in God glo, Sy boodskapper is. Ons is veronderstel om Jesus vir ander te wees. Deur net te luister na iemand wat deur 'n moeilike tyd gaan maak reeds daardie persoon se dag soveel beter. Gee moed.

Elkeen van ons weet wat in hierdie wêreld van ons aangaan. Ons weet van die gemors, die nood, die bloedbaddens, korrupsie en verliese. Kan ons, as Christene, daar verby kyk, daar verby leef sodat dit nie ons lewens so beinvloed dat ons almal met tyd in depressie verval nie? Kan ons die mooi in die lewe bly raaksien? Sal God ons in staat stel om vas te hou aan die goeie, blymoedig te wees nieteenstaande en dan nog ook vir ons krag gee om ander, met wie dit geestelik nie goed gaan nie, te help?

Ek ken iemand in wie se lewe daar net donker is. Alle hoop is verlore. Alle moed verloor. Vriende het die wyk geneem. Hierdie persoon se lewe het wanhoop geword en gewone gesprekvoering het ontaard in verhale van herhalende klaagliedere wat van dag tot dag nie verander nie. Vervalle in 'n drukgang van stikdonker eensaamheid. Dit is stiknagdonker helder oordag.

God leer ons om lief te hê. As ons dan nie die woorde het om mense by te staan in hul nood nie kan ons beslis vir hulle bid. Maar ek het ook onlangs geleer dat ons maar regtig net kan toelaat dat mense hul harte leeg praat sodat daar plek is vir Jesusliefde om in te vloei. Stadig maar seker sal die lig ook in daardie persoon se lewens begin skyn. Stadig maar seker sal positiewe ervarings alle negatiwiteit oorheers. Stadig maar seker leer mense opkyk na die skone hemel, na God, en leer ons om blymoedig en dankbaar verby die lelik van die lewe te leef."

~ Hermien Pargiter



## DAPPER BESOEKER.

**Foto links**: Tanyia Hugo

"Kort voor Kersfees kry ons gewoonlik lekker baie besoekers in Merweville. Die Boekklub en die Kerk, as nasionale gedenkwaardigheid, lok baie mense wat graag wil kyk, beleef en geniet. Die 20e Desember 2024 was ook so 'n dag en Tanyia was baie dapper om tot heel bo in die kerktoring te klim. Sy wou graag sien en ek kon met vreugde vir haar die kerkhorlosie gaan wys. Met die afkomslag gebeur die gevreesde egter en Tanyia rol met 'n spoed teen die trappe af… Deur die Genade is sy nie ernstig beseer nie en het net glimlaggend gesê dat haar arm 'n blou kneusplek het. Tanyia is voorwaar 'n baie dapper besoeker met 'n effe unieke belewenis en herinnering."

~ Zena

# krale van nou-

“Om ñ halsnoer van *altyd* te bekom. Altyd saam met Jesus te beweeg en Sy rigting te sien en daarin te loop-met vrede wat die verstand te bowe gaan het ek nodig om krale van *nou* te vind en dit in te ryg. Soos daaglikse brood, sien dit raak, tel dit op en ryg dit – die krale se naam is NOU-

Nou terwyl die lewensasem daar is
Nou terwyl die geleentheid opduik
Nou terwyl Jesus jou oë oopmaak vir mense wie se arms lam geraak het
Nou vir nuwe uitdagings
Nou wanneer Hy met jou praat
Nou wanneer jou omstandighede presies so onmoontlik lyk
Tel dit op, sit neer wat in jou hande is, ryg die “nou” elke dag in en bekom ñ string met ewige waarde tot “altyd”toe
ñ sierraad om jou nek

Ons soek egter met drif en angstigheid na groter en blinker en meer krale wat nie wil pas op die koord waarmee ons ryg nie-
Ons forseer om dit te maak werk-
Ons draai en druk om gaatjies groter te boor sodat dit net kan inpas en goed lyk-
Ons pogings van “self sal ek dit laat werk” wil toe nie inryg nie-
Ons sit met handevol krale wat ek moes laat lê het sodat ander dit kon vind- sodat ander dit kon bekom
Here leer ons om vir ons daaglikse NOU by U te hoor watter ons moet neem en watter ons moet los. Net vir die NOU van vandag – maak my opreg en versigtig met oop oë-

Dankie dat die meetsnoere van NOU vir my genoeg is en op lieflike plekke geval het. Amen”


~ Plaasmuis

## HERSTELWERK

Die Eiendomskommissie, o.l.v. Clem Olivier, het die groot taak aangepak om o.a. die dak, geute en letterkamer van die kerk te herstel.

André Theron het met sy hommeltuig gehelp om 'n lyn oor die dak gespan te kry, voor die werk in die hoogtes kon begin. 'n Yslike byenes in die dak het ook 'n paar unieke uitdagings aan die werkers gestel. Ons is dankbaar vir Frits Snyders se hulp hiermee.

'n "Cherry picker" is gehuur om te help met die werk in die hoogtes wat o.m. die behandeling van die hout vensterrame ingesluit het. Die werksmense, wat meestal behulpsaam was, is: Michael Klink; Brandon Stander en André Maans. Dankie, ook, vir Dirk Koen se hulp en raad en natuurlik vir die Hemelse Vader se beskerming in die proses.



Baie dankie aan <u>almal</u> wat by hierdie projek betrokke was. Ons het groot waardering vir jul harde werk en toewyding. Nou lyk ons kerkgebou weer pragtig!

~ Clem Olivier



"WIE DIE HERE DIEN, VIND DAARIN 'N BRON VAN LEWE, ..."
~ Spreuke 14:27


nifty 140





nifty 140











> “Werk verban daardie drie groot euwels: verveling, verdorwenheid en armoede.”
>
> ~ VOLTAIRE

**“ARISE AFRICA PETITION: STOP THE VIOLENCE. START THE HEALING.**

Christian leaders across Sub-Saharan Africa are calling on the global Church to stand with them against violent persecution. *Help raise a million prayers and petitions*.”

“**Arise, shine, for your light has come, and the glory of the LORD rises upon you**.” ~ Isaiah 60:1

*Petisie lyste (vir **Geopende Deure**) sal voortaan by die kerkkantoor beskikbaar wees*.

## VREUGDE EN DANKBAARHEID IN LYDING?

Die afgelope paar weke het die volgende woorde telkens by my opgekom in gesprekke, Bybelstudies en stiltetye, nl. lyding, dankbaarheid en vreugde. Is dit moontlik om al drie gelyktydig te ervaar?

Paulus het so gedink toe hy gesê het dat dit goed is om te ly ter wille van die Evangelie en jou geloof en dat lyding selfs jou geloof kan versterk. (1Pet 1:6, Rom 5:3) Maar moet ‘n mens dankbaar of bly wees as jy dan moet ly?

Nee, ek dink nie so nie. Maar in jou lyding of swaarkry kan jy besef dat jou vreugde in die Here nie afhang van jou omstandighede nie, maar van jou verhouding met die Here in jou omstandighede. Dit is juis hierdie verhouding wat vreugde verskaf en die lyding draaglik maak. Hoe allenig moet lyding wees as die Here nie by ons is in hierdie tyd nie?




Een vriendin het gesê dat sy altyd wanneer omstandighede nie lekker is nie, probeer fokus op dit waarvoor sy dankbaar kan wees, ten spyte van wat rondom of in haar aan die gebeur is en dan word haar gemoed sommer ligter en kry sy perspektief op haar lyding.

Met die naderende Paastyd dink ons aan Jesus se lyding, ‘n lyding wat Hy met vreugde vir ons gely het, omdat Hy ons só lief het en ons só graag by Hom wil hê. Ons kan nie anders as om met dankbaarheid gevul te wees oor hierdie lydensbeker wat Hy ter wille van ons gedrink het nie.

Mag ons elkeen hierdie Paastyd bewus wees van die groot offer wat Jesus vir ons gebring het, uit liefde. Mag ons bewus wees van Sy teenwoordigheid in ons, maak nie saak wat ons omstandighede ook al mag wees nie.

~ Esterina Pretorius

“Vreugde is die ernstige strewe van die hemel.” ~ CS LEWIS



# VROUEDIENS

Die Vrouediens se spesiale projekte vir vanjaar is:

- <u>"Die Omgee-Spens:</u>
  Hierdie projek is gemik op ondersteuning aan vroue in ons gemeenskap en om te verseker dat hulle nie alleen voel nie. In die voorportaal van die kerk sal daar 'n houer wees waar jy skenkings kan plaas. (Gevraagde produkte sal elke maand verskil). Kontak gerus vir Ebeth Bothma of die kerkkantoor, indien u meer hieroor wil weet.
  *('n Spesiale dankie aan Annaret Joffe wat 'n groot hoeveelheid toiletware uit tannie Marie Blom se huis vir hierdie projek geskenk het).*
- <u>Fleece-kombers insameling vir Geopende Deure</u>:
  Die feece-kombersies wat ons wil insamel gaan geskenk word aan Geopende Deure. Hierdie projek se doel is om aan mense wat vervolg word vir hulle geloof in Christus, die nodige warmte en liefde te bring. [Opsioneel: *Indien u wil, is u welkom om 'n hartjie daarop vas te werk as simbool van God se liefde vir ons]*
  U is welkom om Christel Botes te kontak vir meer inligting of om die kombersies by haar af te gee.

Hierdie is vir elkeen van ons 'n geleentheid om 'n verskil in iemand se lewe te maak. Of dit nou deur die skenking van 'n ligte fleece-kombers of deur 'n bydrae tot die Omgee-spens is; elke klein gebaar maak 'n groot verskil. Jou deelname is waardevol en ons is baie opgewonde oor wat ons saam kan bereik." ~ Tinka Botes

> "Ons is gered om te dien, en nie om rond te hang en vir die hemel te wag nie." ~ RICK WARREN

## 7 CHRISTEN-VRIENDELIKE flieks vir ‘n date night

1. UP (2009) (vir die paartjie wat hou van ‘n emosionele reis)
2. A DOG’S PURPOSE (2027) / A DOG’S JOURNEY (2019) (vir diereliefhebbers)
3. ENCHANTED (2007) / DISENCHANTED (2022) (vir fantasieliefhebbers)
4. WONKA (2023) (vir die paartjie wat saamsing)
5. OUT OF MY MIND (2024) (vir die paartjie wat hou van iets diepers)
6. I STILL BELIEVE (2020) (vir die paartjie wat hou van ware verhale)
7. LIFE OF PI (2012) (vir die paartjie wat filmkuns geniet)

~ Uit Vrydagnuus 14 Feb 2025 - KAAPKERK, Wilmi Wheeler.

**TOETS JOU KENNIS – Bybelkennis**

**1.** Jes. 7:14 verwys na Jesus se geboorte. Wat sou Sy ma Hom noem vlg. hierdie vers?
**2.** Wie het eerste die goeie nuus van Jesus se geboorte gehoor?
**3.** Hoe het Maria swanger geraak? Die ________ het oor haar gekom.
**4.** Johannes die Doper se ma?
**5.** Wie het in daardie tyd ‘n volkstelling aangekondig?
**6.** Wat was die profetes, uit die stam van Aser, wat uitgesien het na die verlossing van Jerusalem?
**7.** Wie het die sterrekykers opdrag gegee om noukeurig ondersoek oor die Kindjie te doen en terugvoer aan hom te gee?
**8.** Waarheen moes Josef met Jesus en sy ma vlug?
**9.** Wanneer het Josef met die Kindjie en sy ma teruggekeer na Israel?
**10.** In watter dorp het Josef gaan woon, nadat God hom in ‘n droom aanwysings gegee het?

**[Antwoorde:** 1. Immanuel; 2. Skaapwagers; 3. Heilige Gees; 4. Elisabet; 5. Keiser Augustus; 6. Anna; 7. Herodus; 8. Egipte; 9. Na Herodus se dood 10. Nasaret.**]**

“Alhoewel Februarie kommersieël gevier word as die Maand van Liefde, is daar ook ‘n donkerder kant aan hierdie maand op ons kalender. Van 9 – 16 Februarie word die kollig geplaas op die **voorkoming van tienerselfdood**. Dit is die tweede grootste oorsaak van sterftes onder jongmense tussen die ouderdomme van 15 – 29 jaar in ons land.

Kenners reken dat die Suid-Afrikaanse statistieke kommerwerkkend styg. **SADAG** (South African Depression and Anxiety Group) meld dat dit van kritiese belang is om tieners te laat weet dat hulle gevoelens raakgesien word en saak maak. Hulle veldtog “Your Feelings Matter, Let’s Talk” is daarop gemik om die stigma en stilte rondom die kwessie te breek.

SADAG hanteer die nasionale noodlyn (**0800 567 567**) en verdere hulpmiddels kan op hulle webblad https://www.sadag.org en sosiale mediakanale op Facebook, Instagram en Tik Tok gevind word.

Ronelda Visser, Wilmi Wheeler & DJ Muller”

~ uit VRYDAGNUUS, 14 Februarie 2025



# DIE EENVOUD VAN WYSHEID

"Om die leier van 'n land te wees, soos 'n president of 'n eerste minister, is blykbaar die mees stresvolle werk om te kan hê. So beweer 'n onlangse Amerikaanse Gallup-studie, wat die vraag gevra het oor wat die veeleisendste beroepe in die wêreld is. Die enorme hoeveelheid wysheid, strategiese insig en verstaan van 'n wye verskeidenheid sake, vanaf die ekonomie tot internasionale verhoudinge, waaroor so iemand moet beskik, is wyd al het 'n president 'n hele span mense wat hom hieroor help dink. 'n Mens sou dink dat die landsleier uiters baie wysheid en advies nodig het.

In die onlangse fliek, Reagan, waarin Dennis Quaid die rol speel van oudpresident Ronald Reagan, sien 'n mens die belangrikste advies wat Reagan se ma ooit vir hom gegee het, was toe hy besluit het om die president van Amerika te word. Reagan se ma was gelowig en 'n mens sou wonder watter advies 'n president se ma vir hom sou gee. Sommige ma's gee die beste advies, want hulle gee werklik om vir hulle kinders en hulle is dikwels so wys. Sy het eenvoudig vir hom gesê:


**"Remember Who's you are, and Whom you serve".**

Dis dit. So eenvoudig. Niks meer nie en niks minder nie. Reagan, die magtigste man in die destydse Westerse wêreld, het later jare erken hoe hierdie woorde hom in die Jesus-realiteit gevestig het. Dit sê die twee belangrikste dinge wat jy van jouself moet weet aan die begin van 'n nuwe jaar:

- Jy is geliefd, want jy behoort aan die Vader.
- Jy het boonop 'n doel hier, in hierdie unieke tyd in die geskiedenis. Diens aan Hom is jou roeping.

Dalk moet ons eerder praat van nuwejaarsgewaarwordings as nuwejaarsvoornemens. Ons moet tog eers bewus wees van die diepste realiteit, God, en dan 'n voorneme maak. As hierdie paar woordjies een van die magtigste mense in die wêreld kon begeester en adviseer, dink wat dit ook vir ons kan doen. Soms het mense nie nog 'n boek nodig, of selfs 'n kursus of artikel nie. Soms moet hulle net hoor: Weet aan Wie jy behoort en weet Wie jy dien. Dis al. Hierdie Godgegewe advies kan jou deur die donkerste, moeilikste en uitdagendste tye dra.Dankie Here."

~Roedolf Botha; Blog artikel – My Wêreld



# Jesus het jou lief!



Johannes 15:9

"Soos die Vader My liefhet,
het Ek julle ook lief.
Julle moet in my liefde bly."

## ♫♪ SKEPE (Jo Black) ♫♪

"'n Skip word in 'n hawe gebou; 'n Skip lyk in 'n hawe baie mooi vir my en jou,

maar dis nie waarvoor skepe gemaak word nie.

Die storms en die winde sal waai.

Hys jou seile hoog, want een of ander tyd moet die tyding draai…

Laat die Kompas van jou siel weer jou hart bepaal.

Kry jou maste reg, haal die anker uit, in die rigting van die suiderkruis.

♫ <u>REFREIN</u>:

Ons is gemaak om uit te gaan, op die golwe van die diepste oseaan.

Ons vind ons rigting in die sterre en die helder maan.

Ons is gemaak in hoop se naam.

Ons is gemaak om uit te gaan.

Die lewe sal jou gooi en jou rondruk.

Soms voel dit of jy sink, maar jy moet net jou voete soos Petrus vind

En dalk net weer glo soos 'n kind

Hou net koers, want soms kom die twyfel


Dit gaan meer oor hoe jy opstaan en minder oor hoe jy struikel

Moenie vrees as die waters rof raak nie

Tel jou skouers op; voel jou hart weer klop…

♫ <u>REFREIN:</u>

Stuur jou skip nou deur die poorte,



Ons hoop is meer as net leë woorde

Jy's in beheer van jou bestemming

hoe jy daar uitkom is jou eie besluit."

**NGK Merweville nooi u hartlik uit na DANKFEES 2025. Ons gaan met dankbaarheid saamtrek om die getrouheid en liefde van ons Hemelse Vader, wat elke dag oorvloedig vir ons voorsien, te prys.**

***Vanaf Vrydag 2 tot Sondag 4 Mei word daar DV met vreugde fees gevier by die Kerksaal. Plaas voor Woensdag 30 April u bestelling vir etekaartjies by die kerkkantoor.***

Smaaklike middagetes:
Vanaf Woensdag 23 tot Vrydag 25 April en weer van Maandag 28 tot Donderdag 1 Mei is daar by die kerksaal middagetes om weg te neem @ R75 elk (bespreek voor 09:30) en vir Dankfees werkers @ R25 elk beskikbaar.

Vooraf bestellings tot 17 April
vir slegs heel of halwe lam @ R120/kg
(Indien beskikbaar en terwyl voorraad hou)

**Vrydag 2 Mei se spyskaart**

Middagete

Sop en brood @ R30

Aandete

Braaivleis (2 tjops, 'n stukkie wors, brood & slaai @ R100)

Braaivleis (1 tjop, 'n stukkie wors, brood & slaai @ R75)

Poeding @ R20

(Bring asseblief u eie drinkgoed en glas)

**Saterdag 3 Mei se spyskaart**

Middagete

Potjiekos - kies tussen 3 soorte (Afval / Beesvleis / Skaapskenkel) @ R60 elk

Aandete by Springbok Lodge

Steakbraai @ R160 / Snoekbraai @ R140, brood & slaai

(Bring u eie wyn en glas)

**Sondag 4 Mei se spyskaart**

Middagete

Kouevleis en slaaie met 'n vrugtesap en nagereg @ R100-00

(Bring u eie wyn en glas)

**Vrydag 2 Mei se vreugdeviering sluit in:**

12:00 Sop en brood word by die kerksaal bedien. Bespreekte ete kaartjies kan op die stoep van die kerksaal afgehaal word. Ete kaartjies vir etes wat nog beskikbaar is, word dan verkoop.

14:00 Vleistafel doen verkope in die kerksaal. Bestellings van heel/halwe lammers kan afgehaal word by die vleistafel.

18:00 Braaivleis-ete en kuieraand in die kerksaal.

**Saterdag 3 Mei duur die vreugdeviering voort met:**

07:00 5km Pretstap en –fietsry begin by die kerk en kos R10 per persoon.
Gratis inligtingstaptog deur Merweville begin by die kerk.

08:00 Hamburgers, pannekoek, koffie ens. word van vroegdag buite die kerksaal verkoop.

**08:30 Die basaar in die kerksaal word geopen met skriflesing en gebed.**

10:00 Allerlei veiling in die kerksaal.
Kerktoringtoere @ R10/persoon by die kerk. U betree die kerktoring op eie risiko. Voltooi en teken asseblief die vrywaringsvorm by die ingangsportaal. Ouers van minderjarige kinders moet namens die kinders die vrywaringsvorm voltooi en onderteken.

11:00 Veeveiling langs die pastorie
(Indien genoeg vee beskikbaar)

12:00 Potjiekos ete word by die kerksaal bedien.

14:00 Bateveiling word aangebied by
Springbok Lodge skuins oorkant die kerksaal.

18:00 Steakete en Snoekbraai by Springbok Lodge

**Sondag 4 Mei sluit ons die vreugdeviering af met**:

09:30 Dankdiens in die kerk waartydens die kinders 'n geleentheid kry om hul dankoffer te gee.

10:30 Orreluitvoering deur Prof. Theo van Wyk en die Trans Oranje Skool vir Dowes se koor tree op.
'n Volledige program volg later.

11:45 - 12:15 Wegneem etes word by die kerksaal afgehaal.

12:15 - 13:15 Aansit-ete, wat 'n vrugtesap insluit, word in die kerksaal bedien.

'n Paar belangrike wenke

Bring asseblief 'n noodliggie saam, asook muskietweermiddel vir die lastige muskiete tydens u verblyf in Merweville.

Weens die erge kontanttekort in ons dorp, vra ons dat indien u met kontant wil betaal, u asseblief genoeg kontant vir die naweek saambring.

Vir kaartbetalings moet u vra vir 'n aankoopstrokie by die tafels waar u aankope doen, en dan al die aankoopstrokies by die Yoco-betaalpunt inhandig vir ons latere rekonsiliasie

Ons bied ook Snapscan as alternatiewe betalingsmetode aan by elke tafel. U kan met u banktoep of die Snapscan-toep vir u aankope betaal deur die tafel se unieke QR-kode te skandeer. Vertoon asseblief aan die konvenor dat u betaling suksesvol was.

**Vir navrae kontak:**
**Tinka Botes (Skriba) by 072 087 1008**
**Ds. Danie Pretorius by 072 580 1866**
**Epos: ngkerkmerweville@gmail.com**
**Bankbesonderhede:**
**NG Kerk Merweville,**
**ABSA reknr. 154 059 0105**
**Verwysing: U naam en waarvoor betaling gedoen word.**
**www.facebook.com/ngkerkmerweville**